Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

9 Mei 2025 Uitgawe: 3/2/2025

# UIT DIE KANTOOR

**Afrikaans is 100**

As een van die min Afrikaanssprekende laerskole nog oor in die land, is ek trots om met Tjokkies verbind te wees. Gister was Afrikaans amptelik 100 jaar oud en het ons Tjokkie-leerders ook gedeel in hierdie feesvieringe. Kyk gerus op ons sosiale mediablad hoe ons Tjokkies kon deel in hierdie geskiedkundige dag. Tjokkies het ook gister besoek gekry van Netwerk 24. Hou gerus daardie spasie ook dop.

*Taal uit stof en wind, waar skepe aan die Kaapse kus mekaar kon vind.*

*Hier het sy 'n stem gekry wat 100 jaar later nog steeds by ons bly.*

*Uit Hollands, Maleis en tale oud,*

*het Afrikaans sy lyf gekry met woorde warm sterk en koud.*

*'n Mengeltaal wat vandag steeds groei*

*Taalkundiges is daagliks daarmee bemoei.*

*Laat kinders hoor oraloor, die hart se klank*

*Afrikaans, ons trots, aan God ons dank.*

**AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURVERENIGING Applous koorkompetisie**

Tjokkies neem nie net op die sportvelde deel nie, maar is ook op verskeie ander gebiede een van die voorloperlaerskole in die stad. Die jaarlikse ATKV-Applous koorkompetisie vind eerskomende Maandag, 12 Mei by Oranje Meisieskool plaas. Beide ons junior en senior kore neem daar deel wat opsigself 'n groot prestasie is. Hierdie leerders het baie hard gewerk vir hierdie groot geleentheid. Ons wens hulle alle sterkte toe met hierdie spoggeleentheid en weet dat hulle ook daar Tjokkies se naam sal hoog hou.

**Wesgrow-ligas**

Hierdie naweek neem Tjokkies aan die tweede been van die Wesgrow-kompetisie deel. Hierdie rondte verskuif ons aandag na Bethlehem waar ons onderskeidelik teen Primêre Skool Jordania en Primêre Skool Truida Kestell deelneem. Die program vir hierdie dae is reeds versprei en die naweek beloof om goeie rugby en netbal op te lewer. Heelwat spelers en onderwysers gaan na Bethlehem. Daar is egter toesig vir hierdie personeel gereël en kan skool redelik normaal voortgaan. Neem egter kennis dat die skool wel om 13:00 sal verdaag vir die volgende twee Vrydae weens deelname aan sport.

Middagsorg gaan egter normaal voort.

Ons Wesgrow-liga teen Willem Postma wat geskeduleer was vir Maandag, 12 Mei is verskuif na Dinsdag, 13 Mei weens die ATKV-Applous koorkompetisie waar beide Tjokkies en Willem Postma deelneem. Alle kultuuraktiwiteite sal dus verval, behalwe die skaakliga wat normaal voortgaan. Programme vir Dinsdag se wedstryde is ook reeds versprei.

**Toetsweek**

So tussen die sport- en kultuuraktiwiteite deur begin die toetsreeks vir die Gr. 4-7 leerders op Donderdag, 15 Mei. Leerders het reeds hul toetswerk ontvang. Maak asb. seker dat u kind deeglik voorberei vir elke toets wat geskryf word. Die toetsrooster is ook reeds verlede week aan die kinders versprei.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 9 Mei: | Wesgrow-liga vs Jordania (Bethlehem) |
| 10 Mei: | Wesgrow-liga vs Truida Kestell (Bethlehem) |
| 12 Mei: | ATKV-Applous koorkompetisie |
| 13 Mei: | Wesgrow-liga vs Willem Postma (tuis) |
| | Skaakliga |
| | Lees 100 (eerste geleentheid) |
| 14 Mei: | Rugbyliga vs Willem Postma (D-spanne @ Saint Andrews) |
| 15 Mei: | Toetsweek begin (Gr. 4-7) |
| | Liga-wedstryde vs Jim Fouché |
| 16 Mei: | Wesgrow-liga vs Trio Primêre Skool (tuis) |
| 17 Mei: | Pres. Steyn Netbaldag (D-/E-spanne) |

# ANDER

**Personeelsake**

Dit is met ’n swaar gemoed dat ek moet bekend maak dat mnr. Kevin Basson, Direkteur van Sport by Tjokkies, bedank het. Hy en sy gesin emigreer aan die einde van die kwartaal na Australië. Ons wens hom voorspoed toe in hulle besluit en al die reëlings wat daarmee gepaard gaan.


Sy pos word vandag adverteer.

# VERJAARSDAE

11 Mei: Juf. Karen Marais (Gr. 7 – Departementshoof Tale)

13 Mei: Juf. Lizette Buys (Gr.1 – Departementshoof Grondslagfase)

14 Mei: Juf. René Greyling (Gr. R)



# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

**DIT IS WEER TYD**

Kom ons bou ons Tjokkiegees!!! Sport het die vermoë om mense te verenig en kameraderie te laat ontstaan tussen totale vreemdelinge bloot omdat hulle in dieselfde skoolgemeenskap belang het.

*“Save the date”* – Saterdag 7 Junie 2025 → ROLBAL→ vanaf 15:00. *Hou die spasie dop*, kom ons vat hande met die Ondersteunersklub en geniet ‘n heerlike ROLBAL-middag/-aand!



# VAN DIE MAMMAS WAT BID

**JOHANNES 10:27 AFR83**

My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.

Ons Here se stem bring vrede, bemoediging, rus, vertroosting, leiding, rigting en berusting.

Soek na daardie stem tussen al die chaos en besig wees - Hy is ons goeie Herder.

# AFRIKAANS MY TAAL




Inskrywingsvorms by Juf. Leonie Corbett of volg die skakel hierby aangeheg om die Google-vorm te voltooi. Onthou daar is 4 datums om van te kies.

# WENNERS LOOTJIEPROJEK

Baie geluk aan al ons wenners.

Ons juffrou en klas wie die meeste lootjies verkoop het, is juf. Mariandel en die gr. 2 E-klas. Ons naaswenners is juf. Celetia en haar gr. 6 A-klas.

Ons leerders wie gewen het is:

1. Abigail Klopper, 160 lootjies is verkoop deur haar.
2. Ashley Beyleveld, 70 lootjies is deur haar vekoop.
3. Hailey-Duné J v Rensburg, 67 lootjies is deur haar verkoop.

Tjokkie-leerders, julle is almal sterre wat gehelp het om hierdie projek 'n reuse sukses te maak. Volgende week meer oor die bedrag wat ingesamel is.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Kaggel | Philippa Reyneke |
| 2 | Kontant | Hetta Calldo |
| 3 | Goedehoop verblyf | BJ Aucamp |
| 4 | Toms Kitaar | Christell Pienaar |
| 5 | Kontant | Megan Coetzer |
| 6 | Imla Gasteplaas verblyf | Frikkie |
| 7 | River View Farm verblyf | Liné van der Nest |
| 8 | Slagskaap | Sele Thebane |
| 9 | Battery Jump Starter | Jan Carel Wolhuter |
| 10 | Mobile car wash | Linda Tura |
| 11 | Bollemakiesie Partytjie gratis venue | DeWet Smit |
| 12 | Sangiro verblyf en ontbyt | A Hendriks |
| 13 | De Akker verblyf | Lishen Theron |
| 14 | Engeti Solar Kamera | Georgene Griesel |
| 15 | Rugsak spuit | Paulie Andrade |
| 16 | Bester Slaghuis koopbewys | Emily Sekhantsa |
| 17 | Econofoods koopbewys | Madelyn Jackson |
| 18 | Picklerbaan koopbewys | Rozanne Snyman |
| 19 | Pickerbaan koopbewys | Wicus Jordaan |
| 20 | Beauty Within koopbewys | Janu de Beer |
| 21 | Beauty Within koopbewys | Carli v Benecke |
| 22 | Mimosa Koopbewys | Annelie Rautenbach |
| 23 | Mimosa Koopbewys | L Strauss |
| 24 | Mimosa Koopbewys | Johan Barnard |
| 25 | Mimosa Koopbewys | Irene Gramnatikos |
| 26 | Mimosa Koopbewys | Jeremie Pienaar |
| 27 | Mimosa Koopbewys | Ancois Odendaal |
| 28 | Mimosa Koopbewys | Elsabé Botha |
| 29 | Mimosa Koopbewys | Paul Storr |
| 30 | Mimosa Koopbewys | Marieta Pienaar |
| 31 | First Technology koopbewys | Natacha Adriaanse |
| 32 | First Technology koopbewys | Alta Theron |
| 33 | First Technology koopbewys | Marlize van Rooyen |
| 34 | Bester Slaghuis koopbewys | Johan de Vries |
| 35 | Bester Slaghuis koopbewys | P Stone |
| 36 | Bester Slaghuis koopbewys | Deon Menge |
| 37 | Bester Slaghuis koopbewys | Marita Verster |
| 38 | Bester Slaghuis koopbewys | Anneke Bekker |
| 39 | SPC gym voucher een maand gratis | Erica Bowen |
| 40 | J's Deli en Biltong koopbewys | Leandri Ells |
| 41 | Cinnamon Café breakfast for two | Arno du Plessis |

# Tjokkies sê DANKIE

Pick n Pay
The Towers slaghuis
LANGENHOVENPARK

SMITTIES Braai's
· SINCE 1999 ·

DE AKKER
GUEST HOUSE

MIMOSA MALL

CLOCOLAN, OOS-VRYSTAAT
IMLA
gasteplaas

FJ
washing and detailing
MOBILE CAR WASH
081 736 2295

SPC
SPORTS PERFORMANCE CLINIC

J's Deli & Biltong
071 172 1177

enduroplanet
BICYCLES • SERVICE • GEAR

First Technology
(CENTRAL) (Pty) Ltd

RIVER VIEW
FARM
Contact :072 219 9333

AGEnvironmental
Alre Groenewald Geohydrologist Pri Sci Nat
groenewaldalre@gmail.com
083 267 0128

"Goed. Beter."
BESTER
BUTCHERY
SINCE 2015

Cinnamon
café
Faith in Jireh

Beauty
WITHIN
@beautywithinsa
@beautywithinbfnsa
info@beautywithinsa.co.za
082 475 1504
051 430 1789

TOMS

EQSS
training solutions

GOEDEHOOP
GAME FARM & WILDSPLAAS

ENGETI
SECURITY SYSTEMS

TAU PELE
CONSTRUCTION (PTY) LTD


Sangiro Game Lodge

ECONOFOODS

BOLLEMAKIESIE
partytjie pret

PICKLERS PARK
PICKLEBALL
EXERCISE • EAT • ENJOY

CASE IH
BLOEMFONTEIN


Kia Picanto
Always forward
PICANTO GP
PICANTO GP
Movement that inspires
From
R 243 995
Inc. VAT
Ts & Cs apply. E & OE
OR
10% Deposit 0% Balloon from
R 2 999pm
On a step payment plan




OFFERS VALID FROM TUESDAY 22/04/2025 UNTIL SUNDAY 11/05/2025. PRICES APPLY TO CHECKERS BETHLEHEM, DE AAR, DIAMOND PAVILION, GOLDFIELDS, HARTSWATER, KALAHARI MALL, KATHU, KROONSTAD, KURUMAN, KURUMAN SQUARE, LANGENHOVENPARK, LICHTENBURG, LICHTENBURG DADA CENTRE, MAHIKENG MALL, MIMOSA MALL, NEW PARK, PARYS, PARYS THE RIVERSHED, PRELLER SQUARE, SAINTS, SASOLBURG, UNIVERSITAS, UPINGTON, VIRGINIA, WELKOM, WOODLAND HILLS & ZEERUST, ALSO AT CHECKERS HYPER FLEURDAL. NOT ALL PRODUCTS WILL BE AVAILABLE AT PRELLER SQUARE & UNIVERSITAS. LIQUOR ONLY AVAILABLE AT STORES WITH A VALID LIQUOR LICENCE. ALCOHOL FOR SALE ON SUNDAYS AT SELECTED STORES ONLY. SEAFOOD ONLY AVAILABLE AT STORES WITH SEAFOOD COUNTERS. CERTAIN FOODS COOKED FOR STYLING PURPOSES ONLY. WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES. NO TRADERS PLEASE. ERRORS & OMISSIONS EXCEPTED (E&OE). SELECTED ITEMS MAY NOT BE AVAILABLE AT CERTAIN STORES. WHILE STOCKS LAST. CUSTOMER CARE LINE 0800 01 07 09 (TOLL-FREE). XTRA SAVINGS SUPPORT LINE 0800 33 33 85 (TOLL-FREE).

STEWARTS & LLOYDS

Your Local

# STEEL

**ONE-STOP-SHOP IN**


# BLOEMFONTEIN

FREE STATE

FREE DELIVERY
T&CS APPLY

**R388**.00 Incl. VAT
*75X50X20X2.0X6M*
***LIP CHANNEL – MILDSTEEL***

**R437**.80 Incl. VAT
*100X50X20X2.0X6M*
***LIP CHANNEL – MILDSTEEL***



**R475**.70 Incl. VAT
*125X50X20X2.0X6M*
***LIP CHANNEL – MILDSTEEL***

**R543**.95 Incl. VAT
*150X50X20X2.0X6M*
***LIP CHANNEL – MILDSTEEL***

*****VALID FROM 6 MAY – 12 MAY 2025*** WHILE STOCKS LAST*****

www.stewartsandlloyds.co.za

**051 434 3951**

bloemfontein@sltrading.co.za

WHILE STOCKS LAST

## VISIT US IN-STORE

42 Mill Street
HAMILTON INDUSTRIAL SITES
BLOEMFONTEIN

STEWARTS & LLOYDS

FREE DELIVERY
T&CS APPLY

Your Preferred
**Local Supplier** of

# FLUID CONTROL

PRODUCTS IN

# BLOEMFONTEIN



**R582.00** Incl. VAT
*PS02B PRESS CONTROL*
***JOHN TECH***

**R2070.00** Incl. VAT
*WATER TANK – 1000L*
***VERTICAL SLIMJIM***



**R1432.00** Incl. VAT
*SKM50 0,37KW 230V PUMP*
***SALFLO***



*****VALID FROM 6 MAY – 12 MAY 2025*** WHILE STOCKS LAST*****


42 Mill Street – HAMILITON INDUSTRIAL SITES – BLOEMFONTEIN

www.stewartsandlloyds.co.za 051 434 3951 bloemfontein@sltrading.co.za

# Ekstra privaat hokkie lesse vir leerders van graad 1 tot 7!



**Waar dit gehou word.**

- Tjokkies se sportvelde

**Hoeveel kinders per sessie?**

- Kapasiteit van 4 kinders per sessie

**Tye van oefeninge.**

-Maandag tot Donderdag

-Tye sal nog bekend gemaak word of privaat gereël word.

**Prys.**

-R100 per sessie per kind.



**Ek is "Coach" Luhan van der Westhuizen.**

- My doel is om U kinders se vaardigheid op die veld te verbeter en hulle hokkie mentaliteit te vehoog.

-Ek was van graad 6 tot 12 ń Suid-Vrystaat speler en het jare se ervaring in hokkie.

-Ek is huidiglik 19 jaar oud en oud-leerling van Tjokkies

**NB! Kontak my, Luhan van der Westhuizen op 0664721833 om oefeninge te boek!**

## ! Spesiale prys !

Graad 1-7
-4 sessies per maand vir R300 per kind-





## Ekstra inligting


-Asseblief kontak my, Luhan van der Westhuizen op die nommer wat voorsien is (0664721833) vir enige navrae oor die advertensie en om te boek vir 'n sessie.

-Elke sessie sal een uur lank wees.

-Die ekstra privaat hokkie advertensie is vir beide seuns en dogters van graad 1 tot 7.

**Ek kan nie wag om van almal te hoor nie. Ek sien uit om julle kinders te help groei in hokkie en seker te maak hulle behaal ongelooflike sukses!**


DANNi DiNOCORN
Bly Kalm
'n Groep behandelings-program vir angs in kinders
R2000 Werkboek & animasie videos ingesluit
"Danni Dinocorn Bly Kalm": 'n Speelse, 7-week groepsprogram waar kinders kan leer hoe om angs te hanteer!
Vinnige Feite
Vir wie is die program?
Kinders 6-9 & 10-13 jaar!
Groepe begin:
Woensdag 14 Mei (6-9 jaar) 15:00 - 16:00
Vrydag 16 Mei (10-13 jaar) 14:15 - 15:15
Waar vind dit plaas:
26 Inneslaan, Waverley, Bloemfontein
Angs is die mees algemeenste uitdaging waarmee kinders vandag worstel. Na raming affekteer dit 1 uit elke 12 kinders.
Lucie Grové
Kliniese Sielkundige
BA. Hons (Sielkunde), NWU
M.A. (Kliniese Sielkunde), UFS
Jemona Taylor
Voorligting Sielkundige
B.Sc. Hons (Sielkunde), US
M.Sc. (Voorligting Sielkunde), UFS
+27 (0)82 094 6078
info@dannidinocorn.com
facebook @Dannidinocorn
www.dannidinocorn.com


BLOEMFONTEIN MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042